**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Funksionele Taalvaardigheid)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **SES VRAE.**
- Volg die instruksies boaan elke **VRAAG.**
- Begin elke vraag op ’n **NUWE** bladsy.
- Nommer elke antwoord in die middel van die bladsy.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A

**LEESBEGRIP**

**VRAAG 1**
**LEESSTUK**

Lees die volgende **LEESSTUK** versigtig deur.

**THOMAS HOOP OP TRANE VAN BLYDSKAP**

1 Thomas Mlambo, een van SuperSport se sokkeraanbieders, huil nie sommer nie. Maar hy sê hy het amper gehuil toe Suid-Afrika nie die Wêreldbekersokkertoernooi in 2006 kon kry nie. Hy glo dat ons die 2010-toernooi sal kry. Hy het orals saam met die groep gegaan wat die bod gedoen het. Hy sê dit was wonderlik, want hy het baie mense ontmoet. Hy het twee Nobelpryswenners, Nelson Mandela en Desmond Tutu, en sokkerlegendes soos Pele, George Weah en Franz Beckenbauer, ontmoet.

2 Thomas se ma, Miriam, was ’n huishulp. Toe sy sestien was, het sy werk gesoek. Sy het aan ’n deur in Greenside gaan klop. Daphne de Freitas het daar gebly. Sy het juis iemand nodig gehad en Miriam het daar begin werk. Toe Thomas gebore is, het Daphne Thomas as haar eie kind aanvaar. Hy sê dat hy ’n wit en ’n swart ma gehad het en hulle het hom baie gehelp. Me. De Freitas het gesê dat Engels Thomas se eerste taal moet wees, omdat dit hom baie sal help. Daarom kan niemand sy aksent herken nie. Hy was tien jaar oud toe hy Zoeloe leer praat het.

3 Vyf en dertig jaar nadat sy ma by me. De Freitas begin werk het, is sy dood. Thomas het haar huis gekoop. As kind het hy altyd meer as sy beste gedoen en daarom werk hy vandag so hard. Wanneer hy by SuperSport se deur inloop, het hy al klaar die regte informasie. Hy wil nie vir die mense iets sê wat hulle al klaar weet nie. Sy eerste TV-werk was toe hy agt jaar oud was. Hy was aanbieder van die *Mega-T Tooth Fan Club*.

4 Mense skryf briewe vir hom om te sê hoe goed hy is en hy word orals herken. Hy hou nie baie van al die aandag nie, maar hy kan niks daaraan doen nie.

**[Verwerk uit: *Kampioene*, Mei 2003]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

1.1 Wie is Thomas Mlambo? (1)

1.2 Waar werk Thomas? (1)

1.3 Hoekom het Thomas amper gehuil? (1)

1.4 Haal **EEN SIN** aan wat sê dat Thomas positief is oor die 2010-sokkerbod. (1)

1.5 Noem enige **DRIE** beroemde mense wat hy alreeds ontmoet het. (3)

1.6 Watter werk het Thomas se ma gedoen? (1)

1.7
1.7.1 Hoe oud was Thomas se ma toe sy begin werk het? (1)
1.7.2 Waarom kan ons sê dat Miriam op die regte tyd aan die regte deur gaan klop het? (2)

1.8
1.8.1 Hoe het Daphne oor Thomas gevoel? (1)

1.8.2 Hoe het Thomas oor Daphne gevoel? (1)

1.9 Watter **TWEE** tale praat Thomas? (2)

1.10 Hoekom is Thomas tot vandag toe so ’n hardwerkende persoon? (1)

1.11 Hoe weet ons Thomas is trots op sy werk by SuperSport? Gee **TWEE** antwoorde. (2)

1.12 Wat was Thomas se eerste TV-werk? Gee **TWEE** feite. (2)

1.13 Hoekom skryf mense briewe vir Thomas? (1)

1.14 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**?
Sê ook hoekom jy so sê.

Thomas hou van aandag. (2)
**(23)**

**b.o.**

## VRAAG 2
## ADVERTENSIE

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die **ADVERTENSIE** versigtig deur.

**BOKOMO ONTBYTPAP**

Almal in die huis hou van **BOKOMO**. Dit is baie lekker!

Mamma, **BOKOMO** is net reg! Dit het lae vet.
Jan hou van **BOKOMO**, omdat dit hom energie gee virsy sport en pret.
Pappa hou van **BOKOMO**, omdat dit hom vitamines, kalsium en yster gee.
Sussie is allergies vir koring en **BOKOMO** het nie koring in nie.

Almal wen met **BOKOMO!**

Koop Suid-Afrikaans.

BOKOMO

**[Verwerk uit: *Sarie*, Januarie 2003]**

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE.**

**VRAE:**

2.1 Wanneer eet ons Bokomo? (1)

2.2 Pas die sinsdeel in **KOLOM B** by die woord in **KOLOM A**. Gee net die nommer en die korrekte letter van die alfabet.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.2.1 Jan | A. nie koring in nie |
| 2.2.2 Pappa | B. het nie baie vet nie |
| 2.2.3 Sussie | C. gee baie vitamines |
| 2.2.4 Mamma | D. energie vir sport |

(4)

2.3 Gee **EEN SIN** wat sê dat Bokomo goed is vir elkeen. (1)

2.4 Hoe help ons die land se ekonomie as ons Bokomo koop? (1)
**(7)**

## VRAAG 3
## STROKIESPRENT

**INSTRUKSIES:**

- Begin die vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die **STROKIESPRENT** versigtig deur.




[Verwerk uit: *Rapport*, 23 Januarie 2005]

**INSTRUKSIES:**

- Nommer in die **MIDDEL** van die bladsy.
- Gee **SLEGS** die **ANTWOORD**.
- Jy hoef **NIE** die vrae in **VOLSINNE** te beantwoord **NIE**.

**VRAE:**

3.1 Gee **TWEE** redes hoekom Minnie so oud geword het. (2)

3.2 Hoekom het Minnie se ma net een glas rooiwyn gedrink? (1)

3.3 Was Minnie se ma op die Titanic? Motiveer jou antwoord. (2)
**(5)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [35]**

AFDELING B
**OPSOMMING**

**INSTRUKSIES:**

- Begin hierdie vraag op ’n **NUWE** bladsy.
- Lees eers die volgende **INSTRUKSIES** versigtig deur.
  - Lees die volgende **VYF** paragrawe (4.1 – 4.5) versigtig deur.
  - Soek **TWEE HOOFGEDAGTES** uit elke paragraaf (4.1 – 4.5).
  - Skryf elkeen van jou tien hoofgedagtes in <u>jou eie goeie volsin</u> neer.
  - Skryf jou tien sinne <u>puntsgewys</u> onder mekaar neer.
  - Jou tien sinne moet altesaam nie baie korter of baie langer as 110 woorde wees nie.
  - Onthou om die getal woorde aan die einde van die opsomming aan te dui.
  - Jy sal gepenaliseer word as jy baie minder of baie meer as 110 woorde skryf.

**VRAAG 4**

**OOS, WES, TUIS IS DIE BESTE**

4.1 ’n Eie huis.
Om ’n eie huis te hê, is baie mense se droom. Hulle moet baie geld bymekaar maak om ’n huis te kan koop. Dit is baie jare se harde werk om hulle droom te laat waar word. ’n Mens kan dit doen as jy net wil.

4.2 ’n Huis van steen.
Die huis word op ’n spesifieke manier gebou. Die huis het vensters en deure. Die huis word van stene en sement gebou. Huise kan ’n sinkdak of ’n teëldak hê. Mense hou daarvan om hulle huise mooi te maak. Sommige huise word geverf. Ander huise word met ’n spesiale kleur stene gebou.

4.3 'n Karavaan.
Party mense bly in karavane, omdat hulle nie huise kan koop nie. Dis baie goedkoper as huise. Die karavane word van hout gemaak. Die karavane staan in karavaanparke en dan moet mense betaal vir die staanplek.

4.4 'n Boot.
Daar is mense wat baie van water hou en in 'n boot bly. Hulle sê dit is baie goedkoop. Hulle gaan deur die hele wêreld en bly waar hulle wil. Die son maak hulle water warm. Hulle het enjins om krag te gee vir TV kyk en musiek luister.

4.5 'n Plakkershuis.
Baie mense kan nie huise koop nie. Hulle bou dan plakkershuise. Die huise word van materiaal gemaak wat wind en reën buite kan hou. Die mense soek enige ou, goedkoop materiaal soos planke, sink en karton. Hulle kan dit enige plek bou.

**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11.03.04]**

**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

AFDELING C
**FUNKSIONELE TAALGEBRUIK**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **AL** die vrae.
- Begin jou antwoorde op 'n **NUWE** bladsy.
- Lees die vrae versigtig deur en voer die opdragte korrek uit.
- Die woorde wat in **HOOFLETTERS** gedruk is, is jou leidrade.

**VRAAG 5**

**INSTRUKSIES:**
Lees die volgende paragraaf versigtig deur en voltooi daarna die paragraaf soos aangedui. **Skryf net die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.**

**TIENERS SE ONBEKENDE LEWENS**

Die 5.1 (rolprent – gee die **SINONIEM**) ..., "*Thirteen*", is skokkend. Praat jy met ander 5.2 (grootmens – gee die **MEERVOUD**) ... daaroor, besef jy dat dit ook hulle 5.3 (ervaaring; ervaring; ervare – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... is. Alle ouers behoort 5.4 (nooit – gee die **ANTONIEM**) ... te weet waar hulle kinders, ook **AL** hulle **KLEINER** 5.5 (kinders – gee die **VERKLEINING**) ..., is en 5.6 (met + wat – **EEN WOORD**) ... hulle besig is. Om die rolprent saam met kinders te gaan kyk, is 'n 5.7 (goed – gee die **KORREKTE VORM**) ... **BEGIN** vir ouers. Die rolprent vertel 5.8 (met; oor; van – kies die **KORREKTE WOORD**) ... 'n tiener en **HAAR** 5.9 (Ma; ma – kies die **KORREKTE SPELLING**) ... . Dit gaan oor 'n tiener 5.10 (wat; wie – kies die **KORREKTE WOORD**) ... deurmekaar raak met dwelms, 5.11 (drink; dronk; drank – kies die **KORREKTE WOORD**) ... en seks. Die Ma sit met haar hande in haar 5.12 (sak; hare; skoot – kies die **KORREKTE WOORD**) ... . Tieners sê dat hierdie rolprent ook die 5.13 (lewe + verhaal – **EEN WOORD**) ... van baie tieners in 5.14 (S.A. – **SKRYF**

**UIT**)... kan wees. Hulle vertel dat groepsdruk, 5.15 (bv. – **SKRYF UIT**) ... , 'n baie 5.16 (groot – gee die **KORREKTE VORM**) ... rol speel **AS** wat 'n mens besef. Rita, 5.17 (17 – **SKRYF UIT**) ... jaar oud, vertel van haar 5.18 (vriend – gee die **VROULIKE VORM**) ... : sy rook, drink en vloek by partytjies. Sy vertel van 5.19 (baie maer – **EEN WOORD**) … meisies wat 5.20 (klere; kleure – kies die **KORREKTE WOORD**) ... aantrek wat baie van hulle liggame wys. Hierdie meisies beland in 5.21 (moeilik – gee die **KORREKTE VORM**) ... situasies. Hulle 5.22 (eksperiment – gee die **KORREKTE VORM**) … met enige iets om deur die groep aanvaar te word. Dit is tragies hoe onskuldige, 5.23 (lag – gee die **KORREKTE VORM**) … meisies kan verander in een aand. Die groep 5.24 (reël; stel; neem – kies die **KORREKTE WOORD**) … die **BESLUITE** en die meisies volg die groepsbesluit.

**24÷2 = (12)**

**VRAAG 6**

**INSTRUKSIES:**
Lees eers die sin / sinne in die blokke. Skryf daarna die sin / sinne oor soos aangedui sonder om die betekenis te verander. **Skryf elke keer die hele sin uit en onderstreep die gedeeltes wat jy invul.**

**TIENERS, OUERS EN PROBLEME**

6.1

| |
|---|
| Rita se broer gebruik dwelms. |

**DWELMS** _________ (3). (3)

6.2

| |
|---|
| My broer het gerebelleer. My pa wil almal beheer. My broer het toe dwelms gebruik. |

My broer het gerebelleer, **WANT** __________ (1) en **GEVOLGLIK** __________ (1) toe dwelms gebruik. (2)

6.3

| |
|---|
| Rita sê: "Ek sien nog my broer daar lê. Dit was 'n nagmerrie". |

Rita sê **DAT** __________ (3) en **DAT** dit __________ (1). (4)

6.4

| |
|---|
| My broer lê net doodstil en oral is daar bloed. |

My broer **HET** __________ (1) en oral __________ (1). (2)

6.5

| |
|---|
| Rita se pa en ma was baie gebroke. Hulle het uiteindelik geskei. |

**OMDAT** Rita se pa en ma __________ (1), __________ (1) uiteindelik geskei. (2)

6.6

| |
|---|
| Ouers moet reëls maak. Ouers moet weet waar hulle kinders is. |

Ouers moet **SOWEL** __________ (1) waar hulle kinders is. (1)

6.7

| |
|---|
| Tieners drink by partytjies. Hulle rook ook dagga. |

**NIE ALLEEN** __________ (1) __________ (1) hulle rook ook dagga. (3)

6.8

| |
|---|
| Tieners gebruik dwelms. Hulle is 'koel'. |

Tieners **HOEF NIE** __________ (1) **OM** 'koel' __________ (3). (4)

6.9

| |
|---|
| Tieners hou daarvan om klubs toe te gaan. Tieners gaan elke naweek. |

Tieners hou daarvan om __________ (1) __________ (1) te gaan. (2)

**[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Maart 2004]**

**(23)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [35]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**